PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

gratis studiegids

www.proverto.co.za

Guiding the leaders of tomorrow

2024

# Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

## Graad 12

# EKONOMIE



## VORIGE VRAESTEL EN MEMO
## RONDE EEN EN TWEE
## 2021 * 2022 * 2023


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

NELSON MANDELA UNIVERSITY

UFS
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

WSU Walter Sisulu University
In pursuit of excellence

FASSET
Make the future count

DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE
Creative. Distinctive. Impactful.

PC Training & BUSINESS COLLEGE

NELSON MANDELA

UNIVERSITY




**Change the World by applying for a qualification in one of the following study fields:**

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany• Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Construction Studies • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology

**Change the World**

**E info@mandela.ac.za**
**T 041 504 1111**

**myfuture.mandela.ac.za**

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Hoërskool Olimpiade
2021
www.proverto.co.za
Guiding the leaders of tomorrow

# EKONOMIE

## GRAAD 12



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 12 Mei 2021**

# Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 12 EKONOMIE

## RONDE 1

## DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

**Bestudeer die volgende ekonomiese model en beantwoord vrae 1 tot 5.**




| | |
|---|---|
| ⋯ | Geldvloei |
| - - - | Reële vloei |

**1.** Hierdie tipe voorstelling in ekonomie staan bekend as ‘n _____.

**A** model
**B** grafiek
**C** wet
**D** verhouding

**2.** Die mark wat deur (A) voorgestel word, is die mark vir:

**A** produksiefaktore.
**B** goedere en dienste.
**C** arbeid en entrepreneurskap.
**D** internasionale handel.

**3.** Die vloei aangedui deur (F) vanaf Mark (A) na Produsente toon die vloei van:

**A** produksiefaktore.
**B** vergoeding van produksiefaktore.
**C** goedere en dienste.
**D** vergoeding vir goedere en dienste.

**DUT**

**DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY**
**INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE**

# 2025 Applications to Study @DUT Open



FACULTY OF ACCOUNTING & INFORMATICS

FACULTY OF APPLIED SCIENCES

FACULTY OF ARTS & DESIGN

FACULTY OF ENGINEERING & THE BUILT ENVIRONMENT

FACULTY OF HEALTH SCIENCES

FACULTY OF MANAGEMENT SCIENCES

## Apply today via the Central Applications Office (CAO):

WWW.CAO.AC.ZA

For more information on our programmes visit: www.dut.ac.za

DurbanUniversityOfTechnology @DUT_Tweets @DUTCampusTV @DUT_Official1
@DUT_Official Durban University Of Technology

ENVISION2030 transparency • honesty • integrity • respect • accountability
fairness • professionalism • commitment • compassion • excellence

CREATIVE. DISTINCTIVE. IMPACTFUL.

**4.** Indien ons aanvaar dat hierdie voorstelling ‘n ekonomie wat in ekwilibrium is voorstel, watter een van die volgende is waar?

**A** NI < NP > NB
**B** NI = NP = NB
**C** NI > NP > NB
**D** NI < NP < NB

**5.** Indien Vloei (C) die vloei van goedere en dienste verteenwoordig, sal Vloei (D) waarskynlik die volgende vloei verteenwoordig:

**A** publieke goedere en subsidies
**B** subsidies en belastings
**C** publieke goedere en belastings
**D** oordragbetalings en privaat goedere

**6.** Die volgende is geneem uit die SARB Kwartaalblad (Desember 2020).

| **R miljoen** | **2015** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** |
|---|---|---|---|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 1 912 083 | 2 072 859 | 2 225 800 | 2 320 179 | 2 418 544 |
| Netto bedryfsurplus | 1 079 222 | 1 123 567 | 1 226 323 | 1 249 182 | 1 296 696 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 560 416 | 617 969 | 638 782 | 1 249 182 | 713 078 |
| Belasting op produksie | 81 169 | 85 519 | 92 072 | 101 936 | 105 061 |
| Subsidies op produksie | 7 983 | 8 356 | 9 653 | 6 492 | 9 796 |
| Belasting op produkte | 440 102 | 482 772 | 497 335 | 545 558 | 564 866 |
| Subsidies op produkte | 15 126 | 15 270 | 17 084 | 12 951 | 10 821 |
| Uittreksel uit KB601 | | | | | |

**Die waarde van die BBP teen markpryse vir 2017 is:**

**A** R 5 451 124 miljoen
**B** R 3 782 008 miljoen
**C** R 5 077 628 miljoen
**D** R 3 651 472 miljoen

**7.** Wat sal die verandering in verbruiksbesteding wees in ‘n geslote ekonomie met geen owerheid, indien daar ‘n toename van R4 000 000 in investering is, en die marginale geneigdheid om te verbruik (*mpc*) is 0,75?

**A** -R16 000 000
**B** -R1 600 000
**C** R1 600 000
**D** R16 000 000

**8.** Wat kan die staat doen indien die ekonomie tekens begin toon van inflasie, en hulle groei in die ekonomie wil verhoed?

**A** Verhoog beide belastings en invoere.
**B** Verlaag owerheidsbesteding en verhoog belasting.
**C** Verhoog beide invoere en die verbruik van goedere en dienste.
**D** Verlaag belastings en verhoog owerheidsbesteding.

## SAKESIKLUS

**9.** Die teenoorgestelde van ‘n trog is die punt op die sakesiklus waar:

**A** inflasie op sy laagste is.
**B** totale vraag en koste lei tot ‘n afname in investering.
**C** totale ekonomiese aktiwiteite afneem.
**D** die werkloosheidskoers op sy laagste is.

**10.** Die fase tussen ‘n piek en ‘n trog op ‘n sakesiklus kan die beste beskryf word as ‘n:

**A** herstelpunt.
**B** uitbreidingsfase.
**C** krimpingsfase.
**D** optimale punt van uitset.

**11.** Gedurende die groeifase is die ekonomiese groeikoers op ‘n jaar-tot-jaarbasis:

**A** negatief, teen ‘n toenemende koers.
**B** negatief, teen ‘n dalende koers.
**C** positief, teen ‘n toenemende koers.
**D** positief, teen ‘n dalende koers.

**12.** Professor Jan van Heerden skryf in die artikel SA se ekonomiese verlangsaming is struktureel (https://www.iol.co.za/business-report/opinion/opinion-sas-economic-slowdown-is-structural-29d10f0d-fb37-453d- 88a7-a90e503eb6ef) dat daar verskillende redes is waarom Suid-Afrika 'n strukturele verlangsaming ervaar.

Watter een van die volgende sal nie as 'n strukturele probleem beskou word nie?

**A** Die meeste arbeiders in Suid-Afrika is swak opgelei omdat die primêre en sekondêre onderwysstelsel wanfunksioneel is.
**B** Die regeringstelsel funksioneer nie optimaal nie, want dit ly onder korrupsie en basiese dienste word nie voldoende gelewer nie.
**C** Vervaardigingsaanlegte kan nie opgeleide, toegewyde, vaardige werkers in diens neem wat met 'n hoë mate van doeltreffendheid en betroubaarheid die nodige goedere kan produseer wat buitelandse ondernemings benodig nie.
**D** 'n Toename in die geldvoorraad om staatsuitgawes te verhoog en die belastingkoers op beide individue en ondernemings te verlaag.

**13.** Die fase van ‘n sakesiklus wat ontstaan na ‘n trog en wanneer die groeikoers positief is, kan beskryf word as ‘n ______-fase.

**A** voorspoed
**B** krimpings
**C** resessie
**D** depressie

**14.** In ‘n poging om ekonomiese groei aan te pas, kondig die owerheid ‘n toename in belasting aan. Dit is ‘n voorbeeld van ‘n …

**A** uitbreidende fiskale beleid.
**B** inkrimpende fiskale beleid.
**C** uitbreidende monetêre beleid.
**D** inkrimpende monetêre beleid.

**15.** Watter een van die volgende veranderinge in totale vraag en totale aanbod sal lei tot ‘n toename in ekonomiese groei?

**A** ‘n Toename in totale vraag terwyl totale aanbod konstant bly.
**B** ‘n Toename in totale aanbod terwyl totale vraag konstant bly.
**C** ‘n Afname in totale vraag en ‘n afname in totale aanbod.
**D** ‘n Toename in totale vraag en ‘n toename in totale aanbod.

## DIE OWERHEIDSEKTOR

**16.** Die BBP van Suid-Afrika teen huidige pryse vanaf 1985 tot 2025 word gepubliseer op www.statista.com. Die statistiek vir 2022 – 2025 word bereken deur gebruik te maak van:

**A** historiese modelle.
**B** ekonometriese modelle.
**C** ekstrapolasie.
**D** bewegende gemiddeldes.

**17.** Watter grafiek toon BTW die beste?




**A** Grafiek A
**B** Grafiek B
**C** Grafiek C
**D** Grafiek D

**18.** ‘n Groot aantal visspesies het uitgesterf as gevolg van oorbevissing. Visse in die oseaan kan dus die beste gesien word as 'n:

**A** gemeenskaplike goedere.
**B** publieke goedere.
**C** kollektiewe goedere.
**D** meriete goedere.

**19.** Die regering besluit om die entstof vir Covid-19 gratis aan alle lede van die gemeenskap beskikbaar te stel. Die entstof kan gesien word as ‘n:

**A** gemeenskaplike goedere.
**B** publieke goedere.
**C** kollektiewe goedere.
**D** meriete goedere.

**20.** Watter een van die volgende is nie 'n rede waarom die regering meriete goedere en dienste sal lewer nie?

**A** Om verbruik aan te moedig sodat positiewe eksternaliteite van verdienstelike goedere bereik kan word.
**B** Om die onvoldoende informasie en inligting wat verband hou met verdienstelike goedere te oorkom.
**C** Daar word geglo dat die verbruik van meriete goedere positiewe eksternaliteite genereer – waar die private voordeel uit verbruik die sosiale voordeel oorskry.
**D** Omdat die regering van mening is dat verbruik nie net gebaseer moet wees op die vermoë om vir 'n produk of diens te betaal nie.

**21.** Die regering besluit om meer windplase te bou om elektrisiteit op te wek. Watter een van die volgende word geklassifiseer as 'n eksterne koste eerder as 'n private koste?

**A** Die prys van die grond waarop die plaas gebou is.
**B** Die uitgawes aangegaan vir die installering van die windturbines.
**C** Uitgawes verbonde aan die vervaardiging van windturbines.
**D** Laer eiendomspryse in die omgewing.

**22.** Wanneer die regering goedere en dienste bekom vir toekomstige gebruik, word dit geklassifiseer as:

**A** staatsbesteding.
**B** owerheidsbelegging.
**C** monetêre beleid.
**D** fiskale beleid.

**23.** Watter een van die volgende is nie 'n rede vir staatsbesteding nie?

**A** Om goedere en dienste te lewer wat nie deur die private sektor gelewer word nie.
**B** Om verbeterings aan die vraagkant van die makro-ekonomie te bewerkstellig, soos besteding aan onderwys en opleiding om arbeidsproduktiwiteit te verbeter.
**C** Om subsidies te lewer aan bedrywe wat moontlik finansiële ondersteuning vir hul bedryf of uitbreiding benodig.
**D** Om inkomste te help herverdeel en maatskaplike welsyn te bevorder.

## BUITELANDSE VALUTAMARKTE

**24.** Watter een van die volgende beskryf die voordeel van internasionale handel die beste?

**A** Internasionale handel moedig 'n land aan om te spesialiseer in die vervaardiging van die goedere en dienste wat hy teen 'n hoër prys kan lewer, wat sodoende die winsgeleentheid verhoog as gevolg van hoër verkooppryse.
**B** Internasionale handel verminder mededinging en verhoog wêreldpryse, wat voordele vir verbruikers bied deur die koopkrag van hul eie inkomste te verhoog, wat lei tot 'n toename in produsentesurplus.
**C** Die kwaliteit van goedere en dienste kan toeneem namate mededinging, innovasie, ontwerp en die toepassing van nuwe tegnologie aanmoedig word.
**D** Plaaslike produsente, wat moontlik 'n unieke produk lewer wat die plaaslike mark se behoeftes voorsien, kan hul produkte teen hoër pryse verkoop omdat verbruikers nie belangstel in goedkoper invoere nie.

**25.** Land X en Land Y produseer albei twee sjokolades, FOMO's en YOLO's. Hul potensiële produksie, met behulp van al die hulpbronne, word in die volgende tabel getoon:

| | **LAND X** | **LAND Y** |
|---|---|---|
| **FOMO** | 300 | 350 |
| **YOLO** | 60 | 210 |

In hierdie voorbeeld het Land Y:

**A** 'n absolute voordeel in albei produkte en 'n vergelykende voordeel in YOLO's.
**B** 'n absolute nadeel in albei produkte en 'n vergelykende voordeel in YOLO's.
**C** 'n absolute voordeel in albei produkte en 'n vergelykende nadeel in FOMO's.
**D** 'n absolute nadeel in albei produkte en 'n vergelykende voordeel in FOMO's.

**26.** Moontlike redes vir 'n surplus op die lopende rekening is:

(a) Surplus van besparing oor beleggings.
(b) Beduidende mededingende voordeel op lang termyn.
(c) Langtermyn styging in wêreldwye pryse van hoofuitvoergoedere.
(d) Strukturele toename in netto beleggingsinkomste.

Watter van die moontlikhede is WAAR?

**A** (a), (c) en (d)
**B** (b) en (d)
**C** Slegs (c)
**D** (a), (b), (c) en (d)

**Beantwoord vrae 27 en 28 gebaseer op hierdie syfers.**

| |
|---|
| **Op 8 Maart 2021 was ZAR1.000 = €0,054.**<br>**Op 11 Maart 2021 was ZAR1.000 = €0,056.** |

**27.** Die Rand het __________ teen die Euro.

**A** gedevalueer
**B** gerevalueer
**C** gedepresieer
**D** geappresieer

**28.** Op 11 Maart 2021 sal invoere van €1 000:

**A** R661,38 meer kos.
**B** R661,38 minder kos.
**C** dieselfde kos.
**D** onmoontlik wees om te bereken.

**29.** Om die tekort op die lopende rekening te verminder, moet die regering ingryp.

(a) Verminder verbruikersbesteding.
(b) Verhoog verbruikersbesteding.
(c) Aanbodkantbeleide om mededingendheid te verbeter.
(d) Vraagkantbeleide om mededingendheid te verbeter.
(e) Devaluasie van die wisselkoers.
(f) Herwaardering van die wisselkoers.

Die beste beleide om die tekort op die lopende rekening te verminder, is:

**A** (a), (c) en (f)
**B** (b), (d) en (e)
**C** (b), (d) en (f)
**D** (a), (c) en (e)

**30.** As gevolg van die implementering van nuwe tegnologie, ervaar Land H 'n toename in produktiwiteit. Dit sal Land H se geldeenheid laat _____ omdat goedere teen 'n _____ prys geproduseer word.

**A** appresieer; laer
**B** depresieer; laer
**C** appresieer; hoër
**D** depresieer; hoër


#KiesUP
Maak jou toekomsdrome waar
#KiesUP
Ons grade word internasionaal erken.
Ons alumni is baie gesog.
Ons het ondersteuningsprogramme om ons studente te help om suksesvol te wees.
Ons help om jou voor te berei op die wêreld van werk.
Jou toekoms maak saak.
www.up.ac.za/programmes
AD DESTINATUM PERSEQUOR
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Make today matter
www.up.ac.za

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

# Hoërskool Olimpiade

**2022**

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# EKONOMIE

## GRAAD 12



**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Een**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 11 Mei 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

DIE SIRKELVLOEI

**Bestudeer die volgende grafiese voorstelling en beantwoord vrae 1 tot 8.**




1. Dit is 'n voorbeeld van 'n ekonomiese:

A skedule.

B module.

C model.

D grafiek.

2. Watter een van die volgende sal as faktorinkomste vir huishoudings geklassifiseer word?

A SASSA-toekenning.

B Werkloosheidstoelaag.

C Sakgeld wat aan kinders betaal word.

D Rente ontvang op 'n vaste deposito.

3. Die vloei wat as A geïdentifiseer is, toon die vloei van:

A produksiefaktore.

B die vergoeding van produksiefaktore.

C goedere en dienste.

D die vergoeding vir goedere en dienste.

4. Aanvaar dat die regering by hierdie grafiese voorstelling gevoeg word. Dit sal lei tot 'n toename in die verbruik van:

(i) plaaslike goedere en dienste.

(ii) ingevoerde goedere en dienste.

(iii) plaaslike produksiefaktore.

(iv) ingevoerde produksiefaktore.

A (i) en (ii)

B (ii) en (iii)

C (iii) en (iv)

D (i) en (iv)

5. Die faktormark is enige plek waar:

A huishoudings produkte verkoop en besighede produkte koop.

B huishoudings hulpbronne verkoop en besighede hulpbronne koop.

C besighede hulpbronne verkoop en huishoudings hulpbronne koop.

D besighede produkte verkoop en huishoudings produkte koop.

6. In hierdie voorstelling van die ekonomie word die vloei van goedere en dienste getoon as 'n:

A anti-kloksgewyse werklike vloei.

B anti-kloksgewyse geldvloei.

C kloksgewyse werklike vloei.

D kloksgewyse geldvloei.

7. Geld wat van die regering na maatskappye en na huishoudings vloei, staan onderskeidelik bekend as:

A subsidies en oordragbetalings.

B oordragbetalings en subsidies.

C belasting en beleggings.

D beleggings en belasting.

8. Al die volgende, behalwe EEN, is 'n voorbeeld van die geldvloei tussen die regering en maatskappye. Watter een is die uitsondering?

A Nie-rentedraende lenings.

B Leningswaarborge.

C Belastingtoegewings.

D Openbare fasiliteite verskaf teen 'n lae winsmarge.

**Die volgende is 'n uittreksel uit die SARB Kwartaalblad (Desember 2020). Beantwoord vrae 9 en 10.**

| R miljoen | 2019 | 2020 |
|---|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 2 734 173 | 2 655 034 |
| Netto bedryfsurplus | 1 473 181 | 1 481 097 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 725 794 | 753 852 |
| Belasting op produksie | 117 394 | 119 138 |
| Subsidies op produksie | 11 256 | 11 249 |
| Belasting op produkte | 580 753 | 538 007 |
| Subsidies op produkte | 15 006 | 14 804 |

Uittreksel uit KB601

9. Die verskil tussen die bruto toegevoegde waarde teen faktorkoste en die bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse vir 2020, is:

A 107 889

B 130 387

C 523 203

D 552 811

10. Watter van die volgende is NIE by die netto bedryfsurplus ingesluit nie?

A Maandelikse betalings wat huurders aan verhuurders maak.

B Lone en salarisse wat huishoudings ontvang.

C Rente wat huishoudings ontvang op die besparing van deposito's.

D Waardevermindering van huureiendomme.

**Die volgende is 'n uittreksel uit die SARB Kwartaalblad (Desember 2020). Beantwoord vrae 11, 12 en 13.**

| R miljoen | 2013 | 2015 | 2018 | 2020 |
|---|---|---|---|---|
| **Bruto nasionale inkomste teen markpryse** | 3 775 107 | 4 319 512 | 5 208 245 | 5 428 519 |
| **Reële bruto nasionale inkomste** | 4 201 574 | 4 319 512 | 4 484 716 | 4 377 699 |

Uittreksel uit KB601

11. Ten einde die BNI per capita te bereken, moet die:

A BBP verminder word wanneer pryse styg en vermeerder word wanneer pryse daal.

B BNI gedeel word deur die aantal burgers van 'n land.

C werklike BNI vermenigvuldig word met die BBP-deflator.

D BNI gebaseer word op pryse wat tydens 'n basisjaar gehef is.

12. Watter jaar is die basisjaar?

A 2013

B 2015

C 2018

D 2020

13. Bereken die BBP-deflator vir 2013.

A -426 467

B +426 467

C +11.3%

D +10.2%

## BESIGHEIDSIKLUSSE

**Bestudeer die volgende voorstelling van die besigheidsiklus en beantwoord vrae 14 tot 19.**




14. 'n Tipiese besigheidsiklus gaan deur vier fases, naamlik:

A herstel, optimalisering, regressie en groei.

B vraag, aanbod, ewewig en balans.

C piek, depressie, agteruitgang en helling.

D piek, resessie, trog en uitbreiding.

15. Die fase tussen die trog en 'n piek kan die beste beskryf word as:

A 'n herstelpunt.

B 'n uitbreidingsfase.

C 'n inkrimpingsfase.

D 'n optimale uitsetpunt.

16. Gedurende die resessiefase is die ekonomiese groeikoers op 'n jaar-tot-jaar basis:

A negatief, teen 'n stygende koers.

B negatief, teen 'n dalende koers.

C positief, teen 'n stygende koers.

D positief, teen 'n dalende koers.

17. Die verlaging in ekonomiese aktiwiteite weens die inperkingstydperke tydens COVID-19 kan die beste beskryf word as die gevolge van:

A eksogeniese redes.

B endogeniese redes.

C strukturele redes.

D monetêre redes.

18. In 'n poging om die ekonomie te stimuleer deur middel van fiskale maatreëls moet die regering:

A staatsbesteding verhoog.

B staatsbesteding verlaag.

C die geldvoorraad verhoog.

D die geldvoorraad verlaag.

19. Watter een van die volgende veranderinge in totale vraag en totale aanbod sal lei tot 'n afname in ekonomiese groei?

A 'n Toename in totale vraag terwyl totale aanbod konstant bly.

B 'n Toename in totale aanbod terwyl die totale vraag konstant bly.

C 'n Afname in totale vraag en 'n afname in totale aanbod.

D 'n Toename in totale vraag en 'n toename in totale aanbod.

## DIE OPENBARE SEKTOR

20. Die SARB pas die nasionale inkomstestatistieke aan in elke nuwe uitgawe van die SARB Kwartaalblad. Die statistieke, soos aangepas vir die jare voor 2022, word bereken met behulp van:

A historiese data.

B ekonometriese modelle.

C ekstrapolasie.

D bewegende gemiddeldes.

21. Watter grafiek beeld belasting op maatskappye uit?




A Grafiek A

B Grafiek B

C Grafiek C

D Grafiek D

22. Die regering koop meer maskers en gee dit aan landsburgers vir persoonlike beskerming tydens die COVID-19-pandemie. Dit word geklassifiseer as:

A regeringsbesteding.

B staatsbelegging.

C monetêre beleid.

D fiskale beleid.

23. Die regering vervaardig openbare goedere. Watter van die volgende eienskappe is nodig vir goedere of dienste om as openbare goedere geklassifiseer te word?

(i) Wedywering
(ii) Nie-wedywering
(iii) Uitsluitbaarheid
(iv) Nie-uitsluitbaarheid

A Slegs (i)

B (i) en (ii)

C (i) en (iii)

D (ii) en (iv)

24. Dit is die rol van die regering om hulpbronne te herallokeer, vanaf die produksie van private goedere tot die produksie van openbare goedere. Hoe vervul die regering hierdie rol?

A Die regering sal die private vraag na private goedere verhoog.

B Die regering sal belasting op huishoudings en private ondernemings verhoog.

C Die regering sal staatsbesteding verminder.

D Die regering sal staatsbelegging verminder.

25. Watter een van die volgende is waar? In 'n vrye mark sal daar ‘n:

A oorverbruik van meriete goedere en onderverbruik van demeriete goedere wees.

B oorverbruik van beide meriete goedere en demeriete goedere wees.

C onderverbruik van meriete goedere en oorverbruik van demeriete goedere wees.

D onderverbruik van beide meriete goedere en demeriete goedere wees.

26. Watter een van die volgende stellings met betrekking tot kwasi-openbare goedere is verkeerd?

A Kwasi-openbare goedere het eienskappe van beide openbare en private goedere.

B Die private sektor bied alle kwasi-openbare goedere aangesien die regering nie die inisiatief het om dit te produseer nie.

C Die regering sal kwasi-openbare goedere produseer, aangesien die private sektor te min hulpbronne aan hul produksie toeken.

D Kwasi-openbare goedere sluit goedere en dienste soos onderwys, paaie, polisie, brandbestryding, museums, voorkomende medisyne en afvalverwydering in.

## VALUTAMARKTE

27. Watter een van die volgende beskryf 'n voordeel van internasionale handel die beste?

A Internasionale handel moedig 'n land aan om te spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere en dienste wat hy teen 'n hoër koste kan produseer en sodoende kan die winsgeleentheid verhoog as gevolg van hoër verkooppryse.

B Internasionale handel verlaag mededinging en verhoog wêreldpryse, wat voordele aan verbruikers bied deur die koopkrag van hul eie inkomste te verhoog en dit lei tot 'n styging in produsentesurplus.

C Die kwaliteit van goedere en dienste kan toeneem namate mededinging innovasie, ontwerp en die toepassing van nuwe tegnologieë aanmoedig.

D Plaaslike produsente wat 'n unieke produk kan verskaf wat aangepas is om aan die behoeftes van die plaaslike mark te voldoen, kan hul produkte teen hoër pryse verkoop omdat verbruikers nie in goedkoper invoere sal belangstel nie.

28. Jabu en Jessica werk in 'n klein fabriek waar hulle poppe vir die uitvoermark maak. Jessica kan 22 eenhede van Pop A en 26 eenhede van Pop B op een dag maak. Jabu kan 20 eenhede van Pop A en 12 eenhede van Pop B op een dag maak. Volgens die inligting wat verskaf word moet:

A Jabu glad nie poppe produseer nie.

B beide voortgaan om die aantal eenhede wat hulle tans produseer, te produseer.

C Jessica spesialiseer in Pop A en Jabu moet spesialiseer in Pop B.

D Jabu spesialiseer in Pop A en Jessica moet spesialiseer in Pop B.

**Bestudeer die volgende inligting en beantwoord vrae 29 en 30.**

| | |
|---|---|
| Februarie 2020 | € 1.00 : R17.50 |
| Februarie 2021 | € 1.00 : R18.50 |

29. Vanaf Februarie 2020 tot Februarie 2021 het die Rand _____ teenoor die Euro.

A geappresieer

B gedepresieer

C gedevalueer

D Gerevalueer

30. In albei jare het 'n Suid-Afrikaanse maatskappy 100 000 kg tee uit Europa ingevoer teen €10 per kg. Invoerbelasting word bereken teen 10 sent per kg. Wat sal die verskil wees tussen die invoerbelasting wat elke jaar betaalbaar is?

A R0

B R1.00

C R100 000

D R1 000 000

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Hoërskool Olimpiade

**2023**

www.proverto.co.za
Guiding the leaders of tomorrow

# EKONOMIE

## GRAAD 12



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 10 Mei 2023**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## DIE SIRKULêRE VLOEI

**1.** Die skematiese voorstelling van die sirkulêre vloei staan bekend as 'n ekonomiese ______.

A bylae.
B model.
C module.
D grafiek.

**2.** Watter van die volgende definieer produksiefaktorvergoeding die beste?

A Die hoeveelheid wins wat 'n firma verdien.
B Die bedrag wat aan werkers betaal word vir hul arbeid.
C Die koste van grondstowwe wat in produksie gebruik word.
D Die bedrag wat aan banke betaal word vir geld wat geleen word.

**3.** Watter sektor van die sirkulêre vloei in die ekonomie is verantwoordelik vir die vervaardiging van goedere en dienste?

A Regeringsektor.
B Finansiële sektor.
C Huishoudingsektor.
D Sakesektor.

**4.** Wat sal die impak van 'n toename in staatsbesteding op die sirkulêre vloei in die ekonomie wees?

A Dit sal die algehele vlak van ekonomiese aktiwiteit verlaag.
B Dit sal die vlak van invoere verhoog.
C Dit sal die vlak van uitvoere verhoog.
D Dit sal die vlak van nasionale inkomste verhoog.

**5.** Wat is die potensiële gevolge van 'n afname in rentekoerse op die sirkulêre vloei in die ekonomie?

A Verhoogde verbruikersbesteding, verhoogde investering, verhoogde ekonomiese groei.
B Verminderde verbruikersbesteding, verminderde investering, verminderde ekonomiese groei.
C Verhoogde verbruikersbesteding, verminderde investering, verhoogde ekonomiese groei.
D Verminderde verbruikersbesteding, verhoogde investering, verhoogde ekonomiese groei.

**6.** Land Z het 'n BBP van R12 000 000 000 en 'n bevolking van 10 000 000. Die BBP per capita is _____.

A R12 000
B R1 200
C R120
D R12

**7.** Land Q se BBP styg met 5% op 'n jaar-tot-jaar-basis. Gedurende dieselfde tyd neem die bevolking ook toe met 5%. Wat gebeur met die BBP per capita?

A Dit styg met 10%.
B Dit styg met 5%.
C Daar is geen effek op die BBP nie.
D Die BBP daal met 10%.

**8.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van staatsbesteding in die C+I+G+X-M-formule?

A ‘n Gesin wat 'n nuwe motor koop.
B ‘n Maatskappy wat 'n nuwe fabriek bou.
C ‘n Regering wat 'n nuwe snelweg bou.
D ‘n Individu wat in die aandelemark belê.

**9.** Watter van die volgende beskryf die sirkulêre vloei in die ekonomie die beste?

A Die vloei van goedere en dienste van huishoudings na firmas en die vloei van geld van firmas na huishoudings.
B Die vloei van geld van huishoudings na firmas en die vloei van goedere en dienste van firmas na huishoudings.
C Die vloei van geld van firmas na huishoudings en die vloei van goedere en dienste van huishoudings na firmas.
D Die vloei van goedere en dienste van firmas na huishoudings en die vloei van geld van huishoudings na firmas.

**10.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van lekkasies in die sirkulêre vloei in die ekonomie?

A Staatsbesteding aan infrastruktuur.
B Belegging in nuwe masjinerie deur 'n firma.
C Huishoudelike spaargeld in 'n bankrekening.
D Besigheidswins belê in die aandelemark.

**11.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van inspuitings in die sirkulêre vloei in die ekonomie?

A Huishoudelike uitgawes op verbruikersgoedere.
B ‘n Produsent wat sy plaaslike produksie-aanleg uitbrei.
C Staatsbelasting op inkomste.
D Betalings van lone en salarisse aan werkers.

**12.** Wat is die doel van die sirkulêre vloeimodel in die ekonomie?

A Dit verseker dat daar 'n konstante vloei van geld en goedere tussen huishoudings en firmas is.
B Dit stel huishoudings in staat om goedere en dienste te verbruik en ondernemings om inkomste te verdien.
C Dit wys hoe geld deur die ekonomie sirkuleer wat ekonomiese groei en ontwikkeling skep.
D Dit beklemtoon die interafhanklikheid van huishoudings, firmas en die regering in die ekonomie.

**13.** Watter van die volgende beskryf die vermenigvuldiger-effek in die sirkulêre vloei in die ekonomie die beste?

A Die proses waardeur 'n toename in belegging lei tot 'n groter toename in nasionale inkomste.
B Die proses waardeur 'n afname in verbruik lei tot 'n afname in nasionale inkomste.
C Die proses waardeur staatsbesteding tot inflasie en 'n afname in reële produksie lei.
D Die proses waardeur huishoudings en firmas reageer op veranderinge in die prysvlak deur hul besteding aan te pas.

## SAKESIKLUSSE

**14.** Watter van die volgende beskryf 'n sakesiklus die beste?

A Die gereelde op- en afnames van ekonomiese groei oor tyd.
B Die proses om 'n nuwe onderneming te begin en te bestuur.
C Die verband tussen vraag en aanbod in 'n mark.
D Die siklusse van winste en verliese in opeenvolgende finansiële jare.

**15.** Gedurende watter fase van die sakesiklus is die ekonomie op sy hoogtepunt?

A Uitbreiding
B Sametrekking
C Trog
D Herstel

**16.** Watter van die volgende is NIE 'n kenmerk van die uitbreidingsfase van die sakesiklus nie?

A Stygende indiensnemingsyfers.
B Toenemende besigheidsdisinvestering.
C Stygende verbruikersbesteding.
D Toenemende bruto binnelandse produk.

**17.** Watter van die volgende beskryf die verband tussen die werkloosheidsyfer en die sakesiklus die beste?

A Werkloosheidsyfers is die hoogste tydens die uitbreidingsfase van die sakesiklus.
B Werkloosheidsyfers is die laagste tydens die uitbreidingsfase van die sakesiklus.
C Werkloosheidsyfers is die hoogste tydens die inkrimpingsfase van die sakesiklus.
D Werkloosheidsyfers is die laagste gedurende die trog van die sakesiklus.

**18.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n leidende ekonomiese aanwyser?

A Werkloosheidsyfer
B Bruto binnelandse produk
C Verbruikersprysindeks
D Boupermitte

**19.** Watter van die volgende is 'n moontlike negatiewe gevolg van regeringsinmenging tydens 'n resessie?

A Verhoogde ekonomiese groei.
B Verhoogde staatskuld.
C Verhoogde verbruikersbesteding.
D Verhoogde besigheidsbelegging.

**20.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n makro-ekonomiese veranderlike wat vir ekonomiese vooruitskatting gebruik kan word?

A Inflasiekoers.
B Prys van 'n spesifieke aandeel.
C Getal werknemers by 'n spesifieke onderneming.
D Vraag na 'n spesifieke produk.

## DIE OPENBARE SEKTOR

**21.** Watter van die volgende is 'n kenmerk van die openbare sektor?

A Wins maksimering
B Privaat eienaarskap.
C Kompetisie.
D Regeringsbesit.

**22.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n oordragbetaling van die regering?

A ‘n Maatskappy wat lone aan sy werknemers betaal.
B ‘n Individu wat 'n ouderdomstoelaag ontvang.
C ‘n Huishouding wat eiendomsbelasting betaal.
D ‘n Besigheid wat huur betaal vir sy kantoorruimte.

**23.** Watter van die volgende stellings geld ten opsigte van die openbare sektor?

A Dit word geheel en al deur private individue en besighede befonds.
B Die primêre doel daarvan is om winste te maksimeer.
C Dit verskaf goedere en dienste aan die algemene publiek.
D Sy aktiwiteite is altyd minder doeltreffend as dié van die private sektor.

**24.** Watter van die volgende is 'n nadeel van regeringsinmenging in die ekonomie?

A Dit kan lei tot die verskaffing van openbare goedere wat andersins ondervoorsien sou word.
B Dit kan lei tot 'n verkeerde toewysing van hulpbronne.
C Dit kan lei tot oormatige mededinging.
D Dit kan veroorsaak dat ondernemings winste maksimeer ten koste van verbruikerswelsyn.

**25.** Wat is die belangrikste verskil tussen 'n openbare goed en 'n private goed?

A Openbare goedere is uitsluitbaar, terwyl private goedere nie-uitsluitbaar is nie.
B Openbare goedere is wedywerend, terwyl private goedere nie-wedywerend is nie.
C Openbare goedere word deur die regering verskaf, terwyl private goedere deur die mark verskaf word.
D Openbare goedere is skaars, terwyl private goedere volop is.

## DIE VALUTAMARK

**26.** Watter van die volgende is NIE 'n rede vir internasionale handel nie?

A Om goedere en dienste te bekom wat 'n land nie self kan produseer nie.
B Om werksgeleenthede in 'n land te verhoog.
C Om voordeel te trek uit skaalvoordele.
D Om die verskeidenheid goedere en dienste wat aan verbruikers beskikbaar is, te verhoog.

**27.** Watter van die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n absolute voordeel?

A ‘n Land wat beide koring en lap produseer, maar koring meer doeltreffend as ‘n ander land kan produseer.
B ‘n Land wat beide koring en lap produseer, maar beide koring en lap net so doeltreffend kan produseer as ‘n ander land.
C ‘n Land wat beide koring en lap meer doeltreffend kan produseer as ‘n ander land.
D ‘n Land wat nie koring of lap doeltreffend kan produseer in vergelyking met ‘n ander land nie.

**28.** Watter van die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n tarief?

A ‘n Beperking op die aantal motors wat uit ‘n ander land ingevoer kan word.
B ‘n Belasting op ingevoerde staal.
C ‘n Beperking op die waarde van motors wat uit ‘n ander land ingevoer kan word.
D ‘n Verbod op ingevoerde goedere.

**29.** As gevolg van die depresiasie van die plaaslike geldeenheid, word verwag dat _______.

A die binnelandse geldeenheid gedevalueer sal word.
B die binnelandse geldeenheid gerevalueer sal word.
C uitvoere sal afneem.
D uitvoere sal toeneem.

**30.** Watter van die volgende vorm die betalingsbalans?

i. Lopende rekening
ii. Kapitaaloordragrekening
iii. Finansiële rekening
iv. Reële rekening
v. Reserwe rekening
vi. Handelsrekening

A ii, iii, iv, vi
B i, ii, iii, v
C iii, iv, v, vi
D i, iv, v

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Hoërskool Olimpiade

2021
www.proverto.co.za
Guiding the leaders of tomorrow

# EKONOMIE

## GRAAD 12



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Twee

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 04 Aug 2021**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D) Slegs een antwoord is korrek. Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 12 EKONOMIE

## RONDE 2

## BESKERMING EN VRYE HANDEL

**1.** Op 30 April 2021 skryf Halima Gikandi in 'n artikel op www.Pri.org dat Suid-Afrika se hervatting van COVID-19-inentings saamgeval het met 1,1 miljoen ekstra entstofdosisse wat plaaslik deur die Suid-Afrikaanse maatskappy Aspen Pharmacare vervaardig is.

Dit is 'n voorbeeld van:

**A** die regulering van nasionale handel.
**B** invoervervanging.
**C** beskerming.
**D** uitvoerbevordering.

**2.** Watter een van die volgende beskrywings rakende handelsooreenkomste is korrek?

**A** 'n Eensydige handelsooreenkoms vind plaas wanneer twee of meer lande handelsbeperkings op 'n spesifieke land oplê en geen ander land reageer hierop nie.
**B** Bilaterale handelsooreenkomste kom voor waar twee lande ooreenkom om handelsbeperkings te verslap om sakegeleenthede tussen hulle uit te brei deur tariewe te verlaag en mekaar voorkeurhandelsstatus te verleen.
**C** Multilaterale handelsooreenkomste verwys na ooreenkomste deur meer as een land en dek 'n groter geografiese gebied, wat die ondertekenaars 'n groter mededingingsvoordeel bied.
**D** 'n Nie-laterale handelsooreenkoms standaardiseer regulasies, arbeidsstandaarde en beskerming van die omgewing, wat die regulasies verminder en die land se uitvoerders 'n mededingende voordeel bo sy buitelandse mededingers gee.

**3.** Kwotas en tariewe is instrumente wat gebruik kan word om plaaslike markte te beskerm.

'n Tarief verskil van 'n kwota in die sin dat 'n tarief verwys na:

**A** invoere en kwotas na uitvoere.
**B** uitvoere en kwotas na invoer.
**C** 'n heffing gehef op uitvoere, waar kwotas die aantal goedere wat uitgevoer kan word, beperk.
**D** 'n heffing gehef op invoere, waar kwotas die aantal goedere wat ingevoer kan word, beperk.

WALTER SISULU UNIVERSITY

# Study with us.

CHOOSE FROM OVER

**170 PROGRAMMES**

IN OUR **7 FACULTIES** SITUATED IN THE EASTERN CAPE

**Applications open from 1 April 2024**

Kindly note that applications close on 31 October 2024 for SA applicants, and closes on 30 September 2024 for international applicants.

visit **www.wsu.ac.za** to

Apply >>>

You may also scan QR Code

@WalterSisuluUni

www.wsu.ac.za

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence

**4.** Suid-Afrika stel ‘n invoerkwota of tarief in op Franse wyn. Dit lei tot ‘n toename in die prys van wyn in die algemeen.

Wat sal waarskynlik die uitwerking op huishoudelike wynverbruikers en plaaslike wynkelders wees?

**A** Plaaslike wynverbruikers sal benadeel word deur die styging in pryse, en plaaslike wynkelders sal voordeel trek uit die hoër pryse.
**B** Beide plaaslike wynverbruikers en plaaslike wynkelders sal negatief geraak word, maar daarvoor word vergoed deur ‘n afname in sterftes as gevolg van motorongelukke.
**C** Beide plaaslike wynverbruikers en plaaslike wynprodusente sal negatief geraak word as gevolg van die vermindering van mededinging van die buiteland.
**D** Plaaslike wynverbruikers sal geraak word, maar die plaaslike wynprodusente sal besigheid verloor as gevolg van die hoër pryse.

## DIE DINAMIEK VAN ONVOLMAAKTE MARKTE

**5.** Watter EEN van die volgende is die beste voorbeeld van ondernemings in ‘n perfekte mededingende mark?

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| ***Diamante*** | ***Hardloopskoene*** | ***Koeldranke*** | ***Boerdery*** |
| **A** | **B** | **C** | **D** |

**6.** Wat is die maksimum wins wat die fabriek uit die produksie kan behaal?

| **Hoeveelheid (Q)** | **Marginale Inkomste (MR)** | **Marginale koste (MC)** | **Marginale Wins (MP)** | **Totale Wins (TP)** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1200 | 500 | | |
| 2 | 1000 | 275 | | |
| 3 | 800 | 225 | | |
| 4 | 600 | 250 | | |
| 5 | 400 | 400 | | |
| 6 | 200 | 850 | | |
| 7 | 0 | 1500 | | |
| 8 | -200 | 2400 | | |

**A** R2 000 as hy 4 eenhede lewer, want MR > MC.
**B** R2 350 as hy 5 eenhede lewer, want MR > MC.
**C** R2 350 as hy 5 eenhede produseer, want MR = MC.
**D** R1 700 as hy 6 eenhede lewer, want MR < MC.

**7.** Bereken die marginale koste (MC) en marginale inkomste (MR) wanneer die produksie styg van 3 tot 4 eenhede.

| **Hoeveelheid (Q)** | **Prys (P)** | **Totale Inkomste (TR)** | **Totale koste (TC)** |
|---|---|---|---|
| 1 | 1 200 | 1 200 | 500 |
| 2 | 1 100 | 2 200 | 750 |
| 3 | 1 000 | 3 000 | 1 000 |
| 4 | 900 | 3 600 | 1 250 |
| 5 | 800 | 4 000 | 1 650 |
| 6 | 700 | 4 200 | 2 500 |
| 7 | 600 | 4 200 | 4 000 |
| 8 | 500 | 4 000 | 6 400 |

| | **MARGINALE KOSTE (MC)** | **MARGINALE INKOMSTE (MR)** |
|---|---|---|
| **A** | 400 | 400 |
| **B** | 250 | 600 |
| **C** | 200 | 850 |
| **D** | 350 | 900 |

**8.** As 'n inset deur 'n firma besit en gebruik word, dan is die:

**A** eksplisiete koste nul.
**B** implisiete koste nul.
**C** geleentheidskoste nul.
**D** ekonomiese koste nul.

**9.** Watter van die volgende korttermyn-kostekurwes daal voortdurend namate die produksie toeneem?

**A** Gemiddelde totale koste
**B** Grenskoste
**C** Gemiddelde vaste koste
**D** Gemiddelde veranderlike koste

**10.** Watter van die volgende is korrek?

**A** Perfekte kompetisie is wanneer 'n paar ondernemings homogene goedere vervaardig.
**B** Monopolistiese mededinging is wanneer baie ondernemings gedifferensieerde goedere vervaardig.
**C** Oligopolie is wanneer baie ondernemings gedifferensieerde goedere vervaardig.
**D** Monopolie is wanneer een onderneming homogene goedere vervaardig.

## MARKMISLUKKINGS

**11.** Watter een van die volgende omstandighede toon NIE markmislukking nie?

**A** Verkopers en kopers in die mark het toegang tot belangrike inligting wat die besluitneming van 'n koper sal beïnvloed.
**B** Die mark het nie mededinging nie, omdat een of enkele verskaffers 'n buitensporige hoeveelheid mag binne die mark het.
**C** Die verbruik van 'n individu beïnvloed nie die vermoë van 'n ander om toegang tot daardie goed of diens te hê nie, en sommige individue trek voordeel uit die goed wat aangebied word.
